
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

IS GOD SE GODDELIKE GENESING VIR ALMAL?

"…..hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was" (Hand.10:38).

Wanneer jy siek is, BEGEER GOD OM JOU TE GENEES. Voordat jy nie die volle oortuiging het dat dit GOD SE BEGEERTE IS DAT JY GESOND MOET WEES nie, sal daar altyd twyfel in jou hart hieroor bestaan. Solank twyfel bestaan, sal dit volkome geloof verhinder, en voordat geloof nie ten volle beoefen word nie - `n geloof sonder twyfel of vrae, sal jy dalk nooit genees word nie!

Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en `n beloner is van die wat Hom soek (Heb.11:6).
Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos `n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want diè mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie (Jak.1:6-7).

Die oomblik wanneer mense ten volle oortuig is, dat dit God se wil IS om te genees en dat dit NIE Sy WIL is dat hulle siek moet wees nie, ontvang hulle feitlik altyd hul genesing wanneer daar vir hulle gebid word, selfs voor die tyd. Hierdie kennis voorsien `n grondslag waarop volkome geloof en vertroue in God kan reageer.
Om op God se Woord te vertrou, is om te glo dat Hy dit wat Hy in Sy Woord belowe het sal doen! Dit is waaroor geloof gaan! Met ander woorde, geloof is om te glo dat God sal doen wat Hy gesê het, dat Hy sal doen.
God is geen man dat Hy sou lieg nie, of `n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? (Num.23:19)
Vir ewig, o Here, staan U woord vas in die hemele (Ps.119:89).
Toe sê die Here vir my**: " Jy het goed gesien, want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring"(Jer.1:12).**

Die woord "volbring" beteken hier om te "doen", "uit te voer", te "eer en te waak daaroor". Met Sy almag en gesag, staan God op Sy Woord om dit tot die fynste besonderheid te laat gebeur. GLO DIT en verwag veral dat dit sal gebeur!
Daar is absoluut geen rede om God en Sy Woord ooit in twyfel te trek nie. Ek het eenmaal gehoor dat daar gesê is:"Moenie aan God twyfel nie. As jy aan iets moet twyfel, TWYFEL AAN JOU TWYFEL, want dit is onbetroubaar, maar moet nooit God of Sy Woord in twyfel trek nie!"
Die bekende D.L.Moody het gesê:"*Is daar enige rede waarom jy nie geloof in God behoort te hê nie? Het God al een van Sy beloftes gebreek? Ek daag enige persoon uit om sy vinger te plaas op een enkele belofte wat God gemaak het en nie nagekom het nie. Satan is `n leuenaar. Jesus het so gesê. Ek kan die Bybel oopmaak en jou wys hoedat Satan vir die afgelope 6000 jaar, mense belieg het deur aan hulle te sê dat God se Woord nie*

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

waar is nie. Satan weerspreek God se Woord, en belowe die mens alles, maar verbreek elke belofte wat hy ooit gemaak het"

In **Ex.15:26** verklaar God dat Hy die Geneser van Sy volk is deur te sê: **Ek is die Here wat jou gesond maak.** Hy het ongeveer 3 000 000 mense aangespreek **(Ex.12:37).** Elkeen van hulle het God se Woord geglo. As God voorsiening gemaak het vir die genesing van Sy volk in die Ou Verbond, hoeveel te meer sal Hy nie Sy kinders van die Nuwe Verbond genees nie. Hy het hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder Sy stamme was daar niemand wat struikel nie **(Ps.105:37)** (Engels: and there were none feeble among His tribes.) Dink net, daar was NIE EEN SWAK PERSOON TUSSEN HULLE NIE. Stel jou voor, 3000 000 mense en nie een swakke of sieke onder hulle nie!
As dit waar was van Israel wat onder die wet van die Ou Testament was, is dit beslis toepasliker op ons wat deur die Lam van God verlos is en onder `n genadeverbond en God se goedertierenheid leef. Net so seker as WAT JY WEET DAT 2 plus 2 vier is, net so moet JY WEET dat GENESING VIR JOU IS.

GOD HET GEEN WITBROODJIES NIE.
God is geen aannemer van die persoon nie **(Hand.10:34)** As God se genesing vir almal is, SAL HY JOU GENEES.
Duisende mense verloor hul lewens in ons tyd, as gevolg van siekte. Die mediese wetenskap het nuwe hoogte punte bereik in die voorsiening van groter wetenskaplike kennis, nuwe medikasie en metodes.Ten spyte hiervan wen siektes en kwale steeds veld. Die tragedie hiervan is dat onder hierdie duisende siekes, baie Christene is wat beïnvloed word deur leraars wat niks meer as menslike teologiese tradisies verkondig ,en geen werklike antwoorde kan gee nie. Hulle kan net hulpeloos toekyk, met niks meer as `n paar woorde van simpatie en bejammering, terwyl hulle die slagoffer verseker dat dit waarskynlik tog God se wil was. Dat alles vir die beste is en dat God vir hulle deur alles `n les wil leer. Hierdie Jobstroosters voeg dan by, dat dit waarskynlik God is wat jou tugtig, sodat jy deur dit alles nader aan Hom kan kom. Hulle sê dat dit Sy manier is om deur siekte in jou lewe te werk. Dit alles mag baie vroom en godsdienstig klink, en dit is waarom so baie mense dit vir soetkoek opeet, DIT IS EGTER NIE SKRIFTUURLIK NIE. Baie van die wat verkondig dat dit "God se wil is, dat ons siek moet wees", omdat God die siekte tot ons voordeel veroorsaak, het `n mediese skema, sodat wanneer God "`n siekte op hulle plaas", hulle die nodige finansiële hulpbronne het, om hulself te bevry van die siekte wat hulle glo, God se wil vir hulle is om te hê! Hoe skynheilig!

Laat ons die volgende implikasies oordink, wanneer `n siek persoon by 'n spreekkamer sou instap:
1. Is dit een van die persone wat God nie wil genees nie? As dit die geval is, hoe kan hy dan behandel word en sy probleem gediagnoseer en 'n voorskrif gegee word, wat die siekte sal genees.
2. Nog `n ander persoon kom vir `n konsultasie, en miskien het God `n siekte op hom geplaas, of dit toegelaat! Hoe op aarde sou dit moontlik wees om enigiets daaraan te doen? Daar sal teen Sy wil gehandel word om die persoon te probeer genees. Hoe min sou gekwalifiseer het as dokter, as hulle gedink het dat God nie AL die mense wou genees nie! Net soos die Groot Geneesheer, Jesus ALMAL genees het wat siek was.
Kan jy die dilemma sien wat sulke onskriftuurlike redenasies veroorsaak?
Dit is vir Christene net so onnodig om deur sieke nader aan God te kom, as om vir dieselfde rede te sondig! DIT IS ALTYD GOD SE WIL OM JOU TE GENEES – As Sy voorwaardes nagekom word, bv. om Sy bevele en wette na te kom.

Die enigste rede waarom 3 000 000 Israeliete gesond en sterk was , was omdat hulle op Sy bevele en wette gereageer het deur die Paas maal te eet en uit Egipte te gaan en HULLE HET GEGLO WAT GOD GESê HET: "Ek is die Here wat jou gesond maak". Die enigste rede waarom so baie slagoffers van siekte vandag onder die Christene gevind word, is omdat HULLE NIE GLO WAT GOD Sê, en DOEN wat Hy beveel nie. Hulle weet dat God gesê het,"Ek is die Here wat jou gesond maak ". Hulle kan nie glo dat Hy bedoel het wat Hy gesê het, en het Sy, "EK IS" verander na "EK WAS".

Ons is vandag God se Nuwe Verbondskinders, gewas in die Bloed van Sy Seun, Jesus Christus, en ons Verbond is gegrond op BETER BELOFTES, met `n BETER HOëPRIESTER deur`n BETER VERBOND **(Heb.8:6).**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf bls. 2)

As God genesing voorsien het vir Sy volk onder die Ou Testament, is dit dan nie logies dat genesing deel sal wees van Sy voorsiening vir Sy mense, onder die Nuwe Verbond nie.
God gee geestelike gawes aan Sy kerk en dit word in **1Kor.12 verse 4 – 10** beskryf. Tussen hierdie gawes is die gawe van genesing en van wonderwerke. Waarom sal God hierdie gawes aan ons gee as Hy nie almal wil genees nie, want Hy is geen aannemer van die persoon nie en is nie partydig nie **(Hand.10:34).**

Is dit nog God se wil om ALMAL wat vandag genesing nodig het te genees, net soos Hy in die verlede genees het? **EK IS die Here wat jou gesond maak (Ex.15:26).** Baie gewone gelowiges bid vir genesing, maar ontvang dit nie omdat hulle ongehoorsaam is aan die bevele van Jesus. Hy het gesê**:"En wat noem julle My: Here, Here! En doen nie wat Ek sê nie?"(Luk.6:46). "As julle My liefhet, bewaar My gebooie. Hy wat My nie liefhet nie, bewaar My woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het"(Joh.14: 15 en 24).** Net voor Jesus opgevaar het na die hemel, het Hy Sy ontsagwekkende bevele in **Markus 16 vanaf vers 15 – 18** gegee: En Hy het vir hulle gesê: **"Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie;(die werke van die duiwel) OP SIEKES SAL HULLE DIE HANDE Lê, EN HULLE SAL GESOND WORD."**
Wat Hy eintlik sê is, hy wat in die Here Jesus Christus glo, en gedoop is sal gered word. As hierdie eerste bevel nie nagekom word nie, is veroordeling `n sekerheid. Dan sê Hy dat die gelowige met die Heilige Gees vervul moet word, wat bevestig word deur die spreek in tale. Die dissipels het Jesus se bevele aanvaar en daarvolgens gehandel. Volgens hierdie opdragte, is die besprinkeling van `n baba geheel en al onskriftuurlik. Babas kan nie glo of in tale spreek nie en daar is in die Bybel geen vermelding van babas wat gedoop is nie. Almal wat in die Here Jesus geglo het, het egter hul geloof belei en is gedoop. Naam gee (kinder doop) is NIE doop nie. My eerste vraag aan die tradisionele gelowige moet wees: **"Het jy gedoen wat Jesus beveel het?" Indien nie, sê Jesus,"tevergeefs vereer julle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is.Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas…"(Markus 7:7-8).**
Die grootste struikelblok in baie van ons se geloof in hierdie dae, is die onsekerheid of dit God se wil is om ALMAL te genees.
Feitlik almal weet dat God party mense genees, maar die moderne teologie verhinder mense om werklik te verstaan wat die Bybel ons leer, nl. dat voorsiening gemaak is vir ALMAL se genesing.

Dit is onmoontlik om met vrymoedigheid en dankbaarheid, `n seën van God te ontvang as ons nie seker is of God dit vir ons wil gee nie. Ons kan God se seëninge ontvang slegs as ons Sy wil verstaan, vertrou en daarop reageer. "Dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ookal vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het".
Die Bybel bevat God se laaste Testament waarin Hy al Sy seëninge van verlossing verklaar. Aangesien dit Sy laaste, finale testament is, sal alles wat daarna bygevoeg is, bedrog wees. As genesing God se wil vir ons is, soos Sy Testament duidelik wys; sal ons Sy Testament verander, as ons sê dat Hy nie gewillig is om ALMAL te genees nie! Jesus is nie net ons Testateur wat gesterf het nie, maar Hy het weer opgestaan en is ook die Middelaar van daardie Testament. Hy sit aan die regterhand van God waar Hy vir ons intree.

JESUS WAS GOD IN AKSIE

Die beste manier om vas te stel wat God se wil is, is om die vier Evangelies te lees wat die leerstellings en werke van Jesus Christus bevat. JESUS WAS DIE VOLMAAKTE WIL VAN GOD IN AKSIE. Sy lewe was `n openbaring en `n manefistasie van die onveranderlike liefde en wil van God. Hy het letterlik die wil van God vir ons verpersoonlik.
Ons lees baie keer in die Evangelies, hoe baie siekes na Jesus gebring is…….En Hy het ALMAL genees. Hy het aan alle mense, die Wil van God geopenbaar en uitgeleef . Ons lees in **Heb. 10 verse 5 en 7**: Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom **….."Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe – om U wil te doen, o God".**

(Vervolg of Bl. 4)

Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het (Joh.6:38).

Alles wat Jesus gedoen het om in die behoeftes van die mens te voorsien, gedurende Sy vroeë bediening, was `n direkte openbaring van die volmaakte wil van God vir die mensdom. Die kerk kan nie langer vir siekes bid met die GELOOFS VERNIETIGENDE woorde: "*As dit U Wil is"* nie. Die boodskap wat in die vier Evangelies(Mat., Markus, Lukas en Joh.) geleer word, is een van VOLKOME GENESING vir gees, siel en liggaam, vir ALMAL wat na Hom gekom het met verwagting en geloof. As dit nie so was nie, hoe kan ons ooit in geloof bid vir die siekes?

Wanneer ons van mense lees wat hul genesing by Jesus gesoek het gedurende Sy aardse bediening, lees ons van slegs een persoon wat gebid het: "Here, as U wil, kan U my reinig". Hy was die arme, ellendige melaatse wat nie geweet het wat die wil van Jesus was in verband met genesing nie. Die eerste ding wat Jesus gedoen het, was om sy onsekerheid te verwyder en reg te stel deur hom gerus te stel en te sê: **"Ek WIL , word gereinig!" En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig (Mat. 8:2).** Ons sien uit hierdie verslag dat dit nie meer: "as dit U WIL is" nie, wanneer dit kom by God se begeerte om te genees, want – DIT IS GOD SE WIL! Die melaatse in Mat.8:2 het gesê:As U WIL, kan U my genees. Jesus het geantwoord: EK WIL, en **Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid (Heb.13:8).**

Laat hierdie woorde, EK WIL, hierdie saak vir eens en altyd vir jou afhandel, want die optredes en woorde van Jesus het vir altyd bewys dat dit GOD SE WIL IS OM SIEKES TE GENEES. As dit Sy wil is om een te genees, dan is dit logies dat dit Sy Wil is om almal te genees. Dit is beslis nie Sy Wil dat ENIGEEN moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering (gered) moet kom volgens Sy belofte in **2Pet.3:9.** Dieselfde is van toepassing op Sy wil wanneer dit by genesing kom. Ons lees in **Jak 5:14: "Is daar IEMAND siek onder julle?"** IEMAND sluit MY en JOU in. Toe die mense deur giftige slange gepik is, het ALMAL geleef wat opgekyk het na die koperslang **(Num.21:9)**. Vandag nog, ALMAL wat na Jesus, ons Verlosser en Geneser, kyk, is gered. Almal het verseker dieselfde geleentheid vir genesing deur die genade van God, in die voltooide werk op Golgota.
ELKEEN is gelyk wanneer dit by die voordele van die Versoening kom, en dit is waarom die Evangelies woorde soos, ELKEEN en ALMAL gebruik. Soms trek ouers een kind voor `n ander, maar God doen dit nie. Elkeen wat gehoorsaam is, en getrou is aan Sy voorwaardes, ontvang presies dieselfde. As ons, ons deel doen, God is altyd getrou om Syne te doen, sonder uitsondering. Die voordele van Golgota is vir jou. As God ALMAL vroeër dae genees het, en Hy steeds dieselfe is volgens **Heb.13:8**, sal Hy steeds vandag ALMAL genees – ALMAL wat na Hom vir genesing kom.

" ……en groot menigtes het Hom gevolg, en Hy het hulle almal gesond ge-maak." (Matt.12:15).
"Hulle het almal wat ongesteld was, na Hom gebring; en hulle het Hom gesmeek dat hulle net maar die soom van Sy kleed mag aanraak; en almal wat dit aangeraak het, het gesond geword (Matt.14:35-36).
"En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak" (Luk.6:19).
"En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met `n woord uitgedrywe; en almal wat ongesteld was, het Hy gesond gemaak, sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die profeet, toe hy gesê het: Hy het ONS krankhede op Hom geneem en ONS siektes gedra" (Matt.8:16-17).

Die vervulling van hierdie profesie deur Jesaja is vandag nog van toepassing. Jesus het ons krankhede en siektes gedra en genees vandag nog. Onthou altyd dat JY ingesluit is by die "ONS" van Matt.18:17 en God eer Sy verbond om aan te hou om ALMAL te genees wat siek en swak is, om sodoende Jesaja se profesie te vervul**."Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie (Ps.89:35)."En toe die son ondergaan, het almal HULLE siekes, MENSE met allerhande kwale, na Hom gebring, en Hy het EEN vir EEN van HULLE die hande opgelê en HULLE gesond gemaak"(Luk.4:40).** GENESING WAS VIR ELKEEN in daardie dae, en Jesus die Geneser het nooit verander nie. **(Heb.13:8).**

DELIVERANCE

Jesus Christ has brought us out of the Kingdom of darkness into the Kingdom of Light. Hallelujah!! However, there are still a few matters concerning demons and demonic possessions I would like to discuss, and which I am sure you will find interesting and instructive.

The question is often asked whether Spirit-filled believers can be demon possessed. The answer is no, but I would like to explain the reason for this answer. When a Christian is born again and Spirit-filled, demons are still able to attack him, but they can no longer possess him. They can only oppress him. They can influence his body and mind, causing him to act in a certain manner, but because the Spirit of God and the spirit of antichrist cannot live in the same person at the same time, a Spirit-filled Christian's spirit (where the Holy Spirit lives) cannot be possessed by the devil.

If we take the example of two Biblical characters it becomes clear. There was Peter **(Matt. 16:23)** who said to Jesus He did not have to die, and Jesus rebuked him, but addressed Satan, who was trying to influence Peter. (Peter certainly was a Believer!) **Get thee behind me, Satan: thou art an offence unto me: for thou savourest not the things that be of God, but those that be of men.**

Satan influences and deceives. In this instance he took Peter's eyes off God's Plan for Jesus and put them on man's plan. When Jesus taught His disciples how to pray according to **Matt. 6,** He also teaches them to ask God to *deliver them from evil.* The devil is certainly an enemy to be reckoned with, even when you are Spirit-filled.

In **Acts 5:3** we read of Ananias and Sapphira and the way they lied to Peter. Peter asked Ananias: **Why hath Satan filled thine heart to lie to the Holy Ghost, and to keep back part of the price of the land?**

Ananias and his wife were Christians and even sold their possessions, as part of the Body of Christ. They were very sincere. Yet, Satan was able to influence them to the extent that they lied to the Holy Spirit! It is only by seeking God's face daily and being on the alert to the enemy that we can overcome and not fall into his traps.

When a person has been involved in occult practices, directly or indirectly, there may not be any immediate or apparent effect on his life. However some time later, he may suddenly become sick or depressed, worried or fearful, for no apparent reason. The spiritual realm abounds with demons, eagerly waiting to express themselves through any available person.

Someone who involves himself in the occult, opens doors for these demons to take advantage of him, but if he sincerely desires to be set free from the demonic oppression, it is a matter of acknowledging the sin, repenting of it and asking the Lord's forgiveness then praying for deliverance for himself!

Jesus is our DELIVERER! It is not essential for him to be prayed for by someone else, unless he has need of further counselling. All that is basically required is the correct information, a truly repented heart and determination. Keep in mind that Satan is a conquered enemy, but he remains a bully who intimidates his victims with fear, lies, doubt and deception. However, he can only go as far as you allow him to! When you make a stand for Jesus Christ, and use His delegated power and authority, to overcome the enemy, your release from the deception of Satan will quickly manifest and deliverance follows. To distance yourself completely from Satan, you must hate sin as God hates it!

Do not I hate them, O Lord, that hate thee? And am not I grieved with those that rise up against thee? I hate them with perfect hatred: I count them mine enemies. Search me, O God, and know my heart: try me, and know my thoughts: And see if there be any wicked way in me, and lead me in the way everlasting (Ps. 139:21 to 24).

Apart from Jesus Christ, there can be no true release from any sin or demonic oppression, and possession.

For this purpose the Son of God was manifested, that he might DESTROY THE WORKS OF THE DEVIL (1John 3:8).

Acts 4:12: **Neither is there salvation in any other: for there is none other name (the name of Jesus) under heaven given among men, whereby we must be saved.**
And having spoiled principalities and powers he (Jesus) made a shew of them openly, triumphing over them in it (Col. 2:15).

When you became involved in the occult you OPEN THE DOOR for Satan to come in and torment you. When you renounce it, you CLOSE THE DOOR, but you must then walk away from it completely or else the enemy will try to regain entrance. In **Matt.12** we read how Jesus describes the situation where the unclean spirit (demon) returned to the house (person) which he had vacated, and when he found it empty, he came back with seven of his friends. Renouncing and breaking with it, closes the door, and then you need to ask the Lord to fill that void with the Holy Spirit!

Read your Bible and pray every day. Spend time waiting on the Lord and being obedient to what He wants you to do. Fellowship with mature, like minded Believers, praising and worshipping Him together and proclaiming God's Word!

If the source of your occult involvement and bondage was astrology (horoscopes), once you have confessed it as sin, and have broken with it, you need to destroy all books, magazines, cards, jewellery and any other items associated with it. The same goes with any of the other occult practices. Do not just put them away, destroy them completely! Clean you house of ALL items, which are connected with the occult, they are an abomination to the Lord, and Satan will use them for your destruction.

We read in **Acts 19 verse 18-20** what the New Testament church did with their occult items: **And many that believed came, and confessed, and shewed** (confessed) **their deeds. Many of them also which used curious arts brought their books together, and BURNED them before all men and they counted the price of them, and found it fifty thousand pieces of silver. So mightily grew the Word of God and prevailed.**

When I (Meg) and my husband (Dr. James) visited the Far East in search of orchids, it was before we were saved, and I am ashamed to say that due to our gross spiritual ignorance, we brought back with us some articles that had eastern religious connotations; ceramic plant pots with dragon motives, wooden figurines that could have been images of one of their many god's etc. Then a few years later when we gave our hearts to Jesus, the Holy Spirit convicted us of the need to burn all of those things, so we repented right away and obeyed His voice.

Verbal renouncing of sin, or occult practices must always be followed by the corresponding action. Any further temptation to participate in occult practices must be resisted with all of your might. For instance, it would be very unwise for someone who has been set free from horoscope reading with its resulting fear, torment, phobias and anxiety, to "just have a little peep" at the horoscope page in a magazine. Avoid it altogether! The same applies to someone who has been delivered of alcohol, with its resulting debilitation, lies, ducking and diving, poverty, hangovers, relationship problems, possible cirrhosis of the liver etc; he exposes himself to the same danger when he goes into a bar just to have "one little drink!"

Demon spirits have names which correspond to the form they take. There are demons of black magic, horoscopes, fortune-telling, spiritualism, hypnotism, acupuncture, karate, etc, and when you earnestly seek to be set free you need to name the particular occult practise and command that specific demon spirit to leave! Confess it, renounce it and cast it out in the Name of Jesus. It has to go! At that stage you may feel weak or even nauseous – don't let that frighten or worry you as this only means that you have been successful in taking authority over it when you command it to leave you.
For example say that you have been involved with witchcraft of some kind and have exposed yourself to a demon of witchcraft. Demons of witchcraft associate themselves with demons of fear, lust and rebellion! You may find that a spirit of lust has tagged along too. Don't hesitate, CAST IT OUT in Jesus' Name, and be free!

Once the demon has been identified speak to it in a firm manner: "Demon of witchcraft, I break with you and tell you to leave me in the Name of Jesus! You are not welcome anymore! You may have to command

this two or three times should you feel any resistance within you, but it has to depart! It may even try and steal your voice when you speak the Name of Jesus, but be firm and adamant!

Demons often come out through the mouth. In **Acts 8:7** we read that **they came out with a loud voice.** This is still the case today. A long sigh or cough is sometimes the outward manifestation of the demon's departure, but there could be more dramatic manifestations. You may have a sense of choking for a moment – but do not let the demon scare you. Be calm and grateful that this unclean spirit has now left you. After this, a great sense of peace will come upon you – the peace of God, and you will know that you have been set free.

Not all instances of deliverance and rebuking and renouncing of demons are necessarily dramatic. Many people are quiet and unemotional when they are set free. They identify the demon, renounce it, tell it to go, and the they accept their release without any visible manifestations. **In other words the evidence of effective deliverance is not dramatic signs or sounds, but in the results.** When the torment is gone and the bondage broken, we praise God, because His Son has truly set you free!

I have heard Christians say that they always ask the Lord to deliver them of this evil spirit, because Jesus Himself taught us to pray: **"deliver us from evil" (Matt. 6:13).** This is true, however that this verse of scripture is in fact saying is: "Keep us from yielding to the attacks and temptations that the enemy will bring across our path today."

However, Father God has given the believer (that includes YOU and ME, if we believe) the authority to cast out demons in the name of Jesus. And this is because He died on the cross and overcame and exposed the devil. God gave YOU authority to RESIST the devil and He shall flee from you **(James 4:7).**

He gave YOU the authority to cast our demons in His Name **(Mark 16:17).** God is not going to resist the enemy on your behalf. He is not going to tell the demon tormenting you to go He has given you the NAME OF JESUS and therein is your authority to rebuke the enemy, to bind him, to resist him and rid yourself of him. Hallelujah!
We praise our wonderful Heavenly Father who made such perfect provision for every area of our lives, through Jesus Christ our Lord and Saviour.

As you already know, one of the Bibles names for the devil is **"thief" (John 10:10)**, because his aim and object is to steal from God's Children that which is rightfully theirs. Christians must realise that to obtain and maintain the blessings of God is our responsibility. Listen to what Jesus said: **Behold, thou art made whole: sin no more, lest a worse thing come unto thee (John 5:14).** To receive our healing or deliverance from God is wonderful, but we need to protect and keep it when the enemy tries to rob us of it.

Remember: the devil does not play games! He is bent on stealing from you, and destroying you. Just as there are conditions to deliverance, so there are conditions to maintaining that deliverance.
If you really mean business with this whole process of deliverance, I want to make sure that you know how to stay free; this is achieved by developing a close relationship with Father God as you walk with Him daily! You need His protection, His guidance, His wisdom, His love, His joy and His peace.

Persist in developing an intimate relationship with your Heavenly Father through prayer and the reading of His Word daily! Then walk according to God's Word, being obedient to Him and trusting Him. This simple truth always brings Divine results! Do not seek Him only when you find yourself in trouble.

Live according to the Bile. Maintain a prayerful relationship with God, one which comes from a heart of thanksgiving and praise for all He does and all He is! Watch your thoughts – control them. Cultivate healthy relationships and place yourself under sound, biblical spiritual authority.

Even Paul recommended this in **1 Thess. 5:12-13.** It is usually the person with a rebellious attitude who finds it difficult to submit to sound spiritual leadership which God in His wisdom has ordained for our protection and to keep us from deception.
This is important to seek the input of Godly spiritual leadership and mature Christians.

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes,

Wanneer ons rondom ons kyk en ook soms na onsself kyk, lyk dinge donker, maar onthou net dat Jesus in beheer is en ons nie volgens ons sintuie opereer nie, maar volgens Sy beloftes.

En daar sal bestendigheid van jou tye wees, 'n rykdom van volle verlossing, van wysheid en kennis; die vrees van die HERE sal sy skat wees (Jes.33:6).
Ons leef in baie onsekere tye ten opsigte van dinge wat in die wêreld aangaan en ook vir baie in hul persoonlike lewens. Wat 'n troos om te weet dat wanneer ons ons voete op die Rots plaas, werp ons onsself op Sy genade en hoop en deur op Hom te vertrou, sal ons sekuriteit hê. Daar is niks weg van Hom nie. Ons sien dit in die gesigte van diegene wat armoede ken en tog straal van blydskap, hulle wat hartseer het, maar Sy liefde uitstraal. Hulle wat onstuimigheid in hul lewens ondervind en tog Sy vrede vertoon.

Hy het ons gered, Hy red ons en sal ons red ... dit is die oorvloed waarvan ons deel is. In Hom. Omdat ons die denke van Christus het, kan ons Sy wysheid en kennis hê wat vir ons oopgemaak is deur Sy Gees! Ons oë en ore is oopgemaak en dus het ons toegang tot hierdie skatte.

Eerstens moet ons egter Hom eerbiedig en vereer in ons lewens. Wanneer Hy op die troon van ons harte is, sal alle ander dinge volg, want Hy is ons baie groot beloning!

Wees ook verseker van ons volgehoue gebede vir julle almal, Hy beantwoord elke gebed! Baie dankie vir elkeen se liefde, gebede, voorsiening vir die bediening en jul daar wees vir ons. Sonder julle ondersteuning sou ons nie kon aangaan nie.

Meg en die Gebedspan

SKATKIS

Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op 'n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak (Ps.40:2).

As jy in die kuil val, is daar geen manier uit nie tensy iemand, wat aan die buitekant staan, uitreik en jou na veiligheid trek. Om by te dra tot die ernstigheid van die situasie, sal dit as dit 'n moeras was, glyerig en gevaarlik wees, jy sal beseer kan word omdat jy geen beheer oor jou tree sal hê nie en 'n moeras is gewoonlik te papperig om 'n persoon se gewig te ondersteun.

Wat 'n verknorsing! Het jy al ooit in wanhoop, depressie, twyfel, vrees en hopeloosheid gespartel? Hierdie is die kuile waarin Jesus spesialiseer. Hy staan op vaste grond en wanneer ons na Hom uitroep vir bevryding, sal ons Sy sterk, seker Hand voel wat na ons uitreik. Ons Bevryder sal ons uittrek wanneer ons geen krag, geen mag en geen gesag het nie. Hy sal nooit die uitroep van hulle wat na Hom opkyk vir genade en hulp ignoreer nie.

Soos Hy jou na veiligheid uitlig, sal Hy jou op die veiligste, sterkste terrein plaas, Hyself, die Rots van die eeue, die seker fondasie, die hoof hoeksteen! Ons voetstappe sal veilig wees soos ons op Hom leun en Hy ons huiswaarts lei.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411.
Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede : Stanger Christian Sentrum, Eerste Nasionale Bank, 53730091667, Kode: 220129